# BEd Intermediêrefase-onderwys (09133021)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 680 |

## Ander programspesifieke inligting

Let wel: Die volgende veranderinge is van toepassing vanaf 2016:

**WTW 124 Calculus en algebra 124**

(Vervang WTW 126 en WTW 128)

**WTW 146 Lineêre algebra 146, en WTW 148 Calculus 148**

(Beskikbaar vir BEd-studente wat slegs ‘n enkele volle jaar Wiskunde as keusemodule saam met WTW 114 of WTW 134 as eerstesemestermodule neem.)

**WTW 161 Lineêre algebra 161, en WTW 168 Calculus 168**

(Mag as alternatiewe tot WTW 126, WTW 146, WTW 128, en WTW 148 erken word maar is nie beskikbaar vir registrasie deur BEd-studente nie.)

| **Modulebeskrywing** | **Modulekode** |
|---|---|
| **Fundamentele modules** | |
| Akademiese inligtingbestuur | AIM 101 of<br>AIM 111, 121 |
| Geletterdhede vir die onderwys | JLZ 110, 120 of<br>JLZ 111, 121 |
| Noodhulp | JNH 454 |
| **Kernmodules** | |
| Kommunikatiewe vaardigheid:<br>Een van:<br>IsiZulu,<br>Sepedi,<br>Setswana<br>(‘n Vrystellings eksamen kan geskryf word) | CCZ 100, of<br>CCI 100, of<br>CCW 100 |
| Geletterdhede vir die onderwys | JLZ 300 |

| | |
|---|---|
| Opvoedkunde | OPV 112, 122<br>OPV 212, 222<br>OPV 312, 322 |
| Navorsingsprojek | JNM 461, 464 |
| Praktiese onderwys | PRO 280<br>PRO 380<br>PRO 452, 453 |
| Professionele studies | JPS 121 |
| Leerondersteuning (Studente wat Natuurwetenskap of Ontwerp en Tegnologie kies as spesialisering op derdejaarsvlak hoef nie JLD 320 te neem nie) | JLD 220<br>JLD 320 |
| Metodiek van E-Leer | JLT 330 |
| Fundamentele Wiskunde konsepte (Nie ‘n vereiste as Wiskunde as keusemodule geneem word nie) | JWI 181 |
| Metodiek van Engels eerste addisionele taal | JME 210 |
| Basiese ekonomiese en bestuurs-weteskappe (Nie ‘n vereiste as Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie as keusemodules geneem word nie) | JLE 181 |

**Keusemodules**
Kies twee keusemodules op eerste jaarsvlak, waarvan een ‘n Taal moet wees. Hierdie keusemodules moet ook totop tweedejaarsvlak geneem word, waarvan die Taal ook een van die tweedejaars keusemodules moet wees. Indien Intermediêre Wiskunde as keusemodule gekies word, moet alle modules soos gelys word geneem word, dieselfde geld vir Natuurwetenskap en Tegnologie as keusemodules.
Studente wat Geskiedenis en Geografie kies as ‘n kombinasie vir keusemodules, moet alle modules soos voorgeskryf op eerste jaarsvlak kies, en dan of Geografie of Geskiedenis kies as keusemodule op tweede jaarsvlak.
**Modules word volgens die klasrooster gekies.**
**GEEN ROOSTERBOTSINGS WORD TOEGELAAT NIE.**

| | |
|---|---|
| IsiZulu | Vir beginners:<br>ZUL 110, 120<br>ZUL 210, 220<br>Vir IsiZulu as huistaal of 1ste of 2de addisionele taal:<br>ZUL 111, AFT 121<br>ZUL 211, AFT 220 |
| Sepedi | Vir beginners:<br>SEP 110, 120<br>SEP 210, 220<br>Vir Sepedi as huistaal of 1ste of 2de addisionele taal:<br>SEP 111, AFT 121<br>SEP 211, AFT 220 |

| | |
|---|---|
| IsiNdebele (Slegs vir huistaal sprekers van IsiNdebele of eerste of tweede addisionele taal) | NDE 110, AFT 121<br>NDE 210, AFT 220 |
| Setswana | Vir beginners:<br>STW 110, 120<br>STW 210, 220<br>Vir Setswana as huistaal of 1ste of 2de addisionele taal:<br>STW 111, AFT 121<br>STW 211, AFT 220 |
| Afrikaans | AFR 110, 120<br>AFR 214, 220<br>JAF 361 |
| Engels | ENG 110, 120<br>ENG 210, 220<br>JEN 361 |
| Intermediêre wiskunde | WTW 133, 143<br>JWI 210, 220<br>JWI 310, 320 |
| JLD 320 en JLE 181 is nie verpligtend indien Natuurwetenskap en Tegnologie as keusemodule geneem word nie | |
| Natuurwetenskap en Ontwerp en Tegnologie | JWT 115, 125<br>JWT 230, JOT 240<br>JWT 315, 325 |
| **Studente kan slegs een van Kunsopvoeding of Musiekopvoeding of Menslike Bewegingstudies en Sportbestuur en Lewensoriëntering as 'n keusemodule neem. Alle modules soos gelys moet geneem word vanaf eerste tot tweedejaarsvlak. In die geval van Musiekopvoeding kise studente tussen beginners of gevorderde musiekkennis op eerstejaarsvlak.** | |
| Kunsopvoeding | JKG 100, JKU 101<br>JKG 200, JKU 201 |
| Musiekopvoeding | Beginners:<br>JMO 181, 182 of<br>Gevorderd:<br>JMO 101, 102<br>JMO 201, 202, 203, 204 |
| Lewensoriëntering en Menslike bewegingstudies en sportbestuur (moet saam geneem word) | JLO 110, 120<br>JLO 210, 220<br>JMB 112, 113, 122, 123<br>JMB 212, 213, 222, 223 |
| Studente kies of Geskiedenis of Geografie op tweedejaarsvlak, maar moet alle modules soos voorgeskryf neem op eerstejaarsvlak. | |
| Geografie en Geskiedenis | GGY 156, 166<br>WKD 164, ENV 101<br>GES 120<br>GGY 252, 266, 283 |

| | |
|---|---|
| Geskiedenis en Geografie | GES 110, 120<br>GGY 156, 166<br>WKD 164, ENV 101<br>GES 210, 220 |
| **Metodieke van keusemodules:**<br>**Kies twee metodieke in ooreenstemming met keusemodules geneem, een metodiek moet die Taalmetodiek wees. Die metodieke gekies op tweedejaarsvlak, moet ook op derde- en vierdejaarsvlak geneem word.** | |
| Metodiek van Afrikaans | JMA 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Engels | JME 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van IsiZulu | JZL 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Sepedi | JSP 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van IsiNdebele | JND 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Setswana | JSW 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Geografie | JMG 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Geskiedenis | JMH 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Kunsopvoeding | JMK 201, 301, 451, 454 |
| Metodiek van Musiekopvoeding | JMM 200, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Lewensoriëntering (JLO) en Liggaamlike Opvoedkunde (JMB) | JML 201, 301, 461, 464 |
| Metodiek van Intermediêre Wiskunde/ Wiskunde | JMW 203, 300, 451, 454 |
| Metodiek van Natuurwetenskap en Tegnologie | JMN 204, 304, 451, 454 |

**Klasbywoning**

Die onderwysersopleidingsprogramme van die Fakulteit Opvoedkunde is deur die Departement van Onderwys goedgekeur en geakkrediteer. Omdat die Fakulteit 'n hoë premie op die ontwikkeling van vaardighede en bekwaamhede plaas, is klasbywoning verpligtend vir onderwysstudente vir die volle duur van die opleidingsperiode soos deur SAQA (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid) gespesifiseer.

**Programaanbieding**

Die NGSO bestaan uit 'n universiteitsgebaseerde leerkomponent (UBL) en 'n skoolgebaseerde leerkomponent (SBL). Die UBL-komponent word in die vorm van leerwinkels aangebied waartydens die studente 'n praktykteorie van en vir onderwys konstrueer. Vir die doel van die SBL-komponent word studente in twee vennootskapskole met verskillende samestellings vir 6 weke elk (12 weke in totaal) geplaas, waartydens hulle in die onderwyspraktyk betrokke raak terwyl hulle deur gekwalifiseerde mentoronderwysers en universiteitsmentordosente ondersteun en geassesseer word.

## Eksamens en slaagvereistes

**Spesiale eksamens**

- 'n Derdejaarstudent wat 'n maksimum van vier semestermodules of die ekwivalent daarvan gedruip het, maar ’n finale punt van minstens 40% in elkeen behaal het, kan deur die Dekaan toegelaat word om gedurende Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale eksamen in sodanige module(s) af te lê, mits die student daardeur aan alle vereistes vir bevordering tot die vierde jaar voldoen.
- ’n Finalejaarstudent wat 'n maksimum van 4 semestermodules of die ekwivalent daarvan benodig om sy of

haar graad te voltooi, met 'n finale punt van 40% in elk, mag in Januarie van die volgende jaar tot 'n spesiale eksamen toegelaat word. Indien die eksamen voor 1 Februarie afgelê word, hoef die student nie weer te registreer nie en word die eksamen soos ’n hereksamen hanteer. Indien die spesiale eksamen op of na 1 Februarie afgelê word, moet die student weer vir die betrokke module(s) registreer en mag die dosent vereis dat 'n semesterpunt op 'n geskikte wyse behaal word. In so 'n geval sal die uitslag van die eksamen nie oorweeg word vir die gradeplegtighede in Maart/April nie.

## Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf moet 'n student 'n algehele geweegde gemiddeld (GPA) van 75 % of hoër behaal in die BEd-program, met die voorwaarde dat die graad in die voorgeskrewe tydperk van 4 jaar voltooi word.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.